

30 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 7:21-23

Fokusgedeelte: Matteus 7:21-23

Geloofsdade gevra

Aan die einde van sy Bergrede beklemtoon Jesus die belangrikheid van dae in sy volgelinge se lewe. Maar nie sommer enige dae nie.

Die mense wat Jesus hier van Hom af wegstuur, het nie niks gedoen nie. Inteendeel, hulle het baie gedoen. Hulle het ook groot dae gedoen: gepreek, bese geeste uitgedryf en wonders gedoen. Wat meer is, hulle het dit in die Naam van die Here gedoen.

Tog stuur Jesus hierdie mense van Hom af weg. Hy sê vir hulle: "Ek het julle nooit geken nie." Al het hierdie mense alles "in die Naam van die Here" gedoen, was daar nooit 'n lewende band tussen hulle en Jesus nie. Van ware geloof is hier nie sprake nie. Hulle het net die Naam van die Here gebruik, maar hulle eie ding gedoen. En hulle verwag dat alles wat hulle in sy Naam gedoen het, punte vir hulle by die Here moet verwerf. 'n Mens kan dit sien aan die vraag wat hulle vir die Here vra: "Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?" Moet dit dan nie vir hulle tot krediet by die Here gereken word nie?

Hulle het die Naam van die Here gebruik sodat hulle met hulle dae verlossing kan verkry. Ten diepste gaan dit oor selfverlossing, met die Naam van die Here daarby genoem.

Ook vandag gebruik mense die Naam "Jesus" en doen goeie dinge sonder dat hulle 'n lewende band met Jesus Christus het. Die Naam word soos 'n wipplank gebruik om jou te help om jou eie heil uit te werk. Jesus vra egter dae wat uit 'n ware geloof en uit 'n ware belydenis van die Naam opkom!

Sing: Skrifbelydening 2-4:3 (33)

Dr. F van der Walt (Emeritus)